Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die ware sosialisme is die bevrydingsleer vir die arbeider.*

# Die O.B.

*Die sosialisme kry sy gestalte deur 'n wapenbroederskap met die nasionalisme.*

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 8 DESEMBER 1943. No. 5.

# Kapitalistiese Stakings in Johannesburg en Kaapstad

## Kommuniste Speel hul ou Spel

**Die staking van winkelbediendes onder leiding van die „National Union of Distributive Workers" is so pas in Johannesburg en Kaapstad beëindig. Dit is duidelik dat die oorsaak van hierdie voorloper van die stakings en ander industriële moeilikhede waarmee Suid-Afrika binnekort in stygende mate te kampe sal hê, in die oorlogsbeleid van die Regering en in ons kapitalistiese stelsel self lê.**

**In hierdie toestande, waarin die bestaan van die werker se enigste organisasie in ons kapitalistiese bedeling (die vakunie) bedreig word, bied die O.B. se nasionale en sosiale arbeidsgedagte klaarblyklik die enigste redding. In sy ARBEIDSLAER is die O.B. besig om aan hierdie gedagte praktiese gestalte te gee.**

## O.B.-ARBEIDSLAER BRING REDDING VIR WERKERS

**Hoë Lewenskoste en Lae Lone**

As 'n kapitalistiese land oorlog voer, dan styg die lewenskoste. En as die loontrekker vind dat sy loon onvoldoende word, en sy baas weier om dit te verhoog, moet hy noodgedwonge **staak.** Verplig die staat die baas om lone te verhoog, dan verhoog die baas eenvoudig ook sy pryse — en die gaping tussen lone en lewenskoste bly bestaan.

Voor hierdie bekende proses staan die kapitalistiese staat magteloos. Met 'n magdom van kontroleurs en met ekonomiese beplanning probeer hy om die posisie te red — maar beplanning blyk al gou ondoeltreffend in 'n kapitalistiese land, waar dit bots met die woekerwinsmotief van private kapitaliste. Beplanning kan met welslae alleen binne die raamwerk van 'n **sosialistiese staat, met sy leuse: een vir almal, almal vir elkeen,** deurgevoer word. Die kapitalistiese regering staan magteloos.

**En daarom al daar nog meer sulke stakings kom.**

**Kapitalistiese Kommunisme**

Hier kry die kommunisme sy kans.

Netsoos Stalin aan die afgeleefde kapitalistiese moondhede van die weste, so kleef die Kommunistiese Party in S.A. met sy linkse vakuniebeweging aan die huidige kapitalistiese regering in die hoop om op sy uitgeputte rug na die bewind te ry.

Met hierdie staking was dit weer so. Die N.U.D.W. het die staking uitgeroep ten einde die beginsel van geslote geledere toegepas te kry. Dit beteken dat 'n werkgewer net lede van die betrokke Unie in diens mag neem, waardeur die Unie dan volle en uitsluitlike beheer oor alle winkelwerkers kry. In hierdie eis is die Unie gesteun deur die kommunisties-gesinde Springbok-Legioen, Trades and Labour Council, en, les bes, Left Club.

Om hier weer die ellendige toestand wat die kapitalisme vir die werker geskep het, vir sy eie doeleindes uit te buit, het die betrokke vakunie nogmaals gebruik gemaak van die gom van **anti-Fascisme** om die kommunis en die kapitalis aanmekaar te plak. Die werkers is opgesweep teen die base wat dan sogenaamd „Fascists" sou wees!

**Maar die werkers sal hul nie altyd deur hierdie soort oëverblindery om die bos laat lei nie. Die tyd breek vinnig aan wanneer die werker sal beset wie dit is wat die kapitalisme in S.A. beveg: die Unies wat gelei word deur rasverwante van die kapitaliste, of die O.B. wat gelei word deur rasverwante van die werkers.**

**Kommunisme 'n Vangspreuk**

Die kommunisme wil homself graag voorstel as 'n praktiese plan, heeltemal anti-kapitalisties, iets wat die sosiale redding van die werker sal bewerkstellig. Dis hoog tyd dat hierdie kommunistiese seepballetjie geprik word!

In 'n land soos S.A. moet die kommunisme nog verduidelik hoe hy die sosiale redding van twee miljoen blankes gaan bewerkstellig deur hulle gelyk te skakel met ses miljoen on- of halfgeskoolde naturelle. Klaarblyklik lê die sosiale redding van blank en gekleurd in gebiedskeiding, waardeur elkeen as organiese entiteit sy eie bestaansveiligheid kan verseker.

Die redding van die blanke werker lê nie in die wegbreek van sy volk en die aanskakeling by die **workers of the world** nie; dit lê in die terugkeer tot en opname in die volk!

**Die Vakunies**

Die **vakunie** is 'n noodwapen van die werker. In 'n kapitalisties-parlementêre staat het hy geen ander wapen nie. Daarom kan hy die vakunie nie verlaat voordat hy die kapitalisme oorboord gegooi het nie.

Maar as wapen teen die kapitalisme het die vakunie fundamentele leemtes:

1. Die vakuniebeweging is in die hande van vreemde, kommunisties-gesinde elemente, wat die werker nie by die volk aanskakel nie maar by internasionale werkersliggame.

2. Die vakunie het nie bestuurlike magte nie, dog slegs onderhandelingsmag, „bargaining power". Hy kan die kapitalisme dus nie vernietig nie.

3. Die vakunie is 'n korrelaat van die kapitalisme. As lg. verdwyn, verdwyn ook die vakunie in sy ou gedaante.

En nou is dit die hoop van die kommunisme dat wanneer die kapitalisme, en saam met hom die vakunie, val, die kommunisme, of staatskapitalisme, uit die ruïnes sal oprys.

**Kapitalisme Gesneuwel**

**Met hierdie oorlog is die kapitalisme reeds vernietig.** Daarom moet die werker nou sy vakunie reoriënteer, sodat dit vir hom toekomsmoontlikhede kan inhou. Hy mag nie somaar sy organisasie waaraan hy soveel jare gewerk het, prysgee nie. Hy moet dit ombou om te kan inpas in die bedryfsorganisasie van die toekomstige volks- of arbeidstaat. Op elke ernstige werker rus die taak om sy vakunie so om te bou en uit te bou dat dit tot volledige ontplooiing kan kom in die bedryfsorganisasie van die volkstaat wanneer die Ossewabrandwag die bewind oorneem.

**Die kreet van die werker moet vandag wees: Ons wil 100% vakunie hê, en ons kan dit kry binne die ARBEIDSLAER van die Ossewabrandwag!**

## O.B.-ARBEIDSLAER WEK BENOUDHEID

Na maandelange swye het die Rand Daily Mail weer sy senuweeagtigheid in verband met die Ossewabrandwag geopenbaar — hierdie keer oor die O.B. se Arbeidslaer. Die blad is blykbaar onbewus daarvan dat die kapitalisme sterwend is.

Elke werker weet reeds dat die oortrokke bankrekenings van die oorlogvoerende moondhede die sterftesertifikaat van die kapitalisme is. Ondanks die kapitalistiese propaganda vir Stalin en Sowjet-Rusland, wil die werker hom nie laat mislei nie. Daarom is die blad so begaan oor die O.B. se anti-kapitalistiese en sosiaal-veilige Arbeidslaer.

Die werker besef dat die Arbeidslaer van die O.B. vir elke Afrikaner kos, klere en 'n huis — bestaansveiligheid — waarborg.

## DIE O.B. IN DIE VAKANSIE

**Tussen Dingaansdag en Nuwejaar sal daar geen uitgawes van Die O.B. wees nie. Op 15 Desember verskyn egter 'n vergrote uitgawe wat benewens gewone organisasie-nuus ook 'n aantal interessante artikels van leidende persoonlikhede sal bevat.**

## „WAPENSKOU"

### Novemberuitgawe

Wapenskou, die amptelike orgaan van die A.N.S., en publikasiemedium o.a. van die O.B.-studielaerstukke, het in sy jongste nommer heelwat artikels wat die belangstelling van die gewone O.B.-lid sal prikkel. Adjunk-K.G. J. A. Smith het 'n bydrae, getiteld „Die Afrikaner en Kuns in die Volksbeweging", vir hierdie uitgawe gelewer. A.K.G. Smith, soos elke Brandwag seker weet, is een van die vooraanstaande Afrikaanse kunsskilders. Hy was ook lank aan 'n Afrikaanse dagblad verbonde as kunsredakteur, voordat hy in O.B.-diens getree het. Hy is dus die aangewese deskundige om die kunsaspek van die volksbeweging, wat die volksiel in al sy aspekte en nuanses wil beliggaam, te bespreek.

'n Ander bydrae wat Brandwagte met die oog op Dienslaerbyeenkomste sal interesseer, is die derde in die Beleidstudiereeks, nl. „Die Grondslae van 'n Nasionaal-Ekonomiese Beleid vir Suid-Afrika". Dr. P. J. Coertze, van U.S., en mnr. B. J. Conradie, van die Wesley-kleurlingopleidingskollege, lewer albei belangwekkende bydraes oor die kleurlingvraagstuk. Prof. dr. J. Chr. Coetzee, van P.U.K. vir C.H.O., bespreek die taalkwessie in sy „Christelike Onderwys en Opvoeding", terwyl dr. Erika Theron skryf oor „Fabriekwerksters in Kaapstad". Ander interessante artikels is „Die Voeding van die Mens", van mej. E. M. Ackerman, lektrise in voedingsleer. U.S., „Beroepsarbeid en Volksversekering in die Praktyk", deur dr. D. G. Franzsen, „Die Gewetensklousule e.a. Probleme i.v.m. ons Hoër Onderwys," deur D. Krynauw, „Krygsgasse in 1914, en vandag?" deur F. Stegmann, „Ons

(Vervolg in vorige kolom)

(Vervolg van volgende kolom)

Vyande", deur D. G. Malan, sekr. van die Mynwerker-Hervormersorganisasie, „Die Opvoeding en Onderwys van die S.A. Naturel", deur prof. dr. J. C. Coetzee, ens.

*Enkele nommers van Wapenskou kan by die Uitgewers, Bus 28, Stellenbosch, teen 1/3 elk, bestel word. Die intekengeld vir die volle jaargang is 5/-. Daar is ook nog ou nommers van Wapenskou beskikbaar, o.a. die Volksbeweginguitgawe en naturellevraagstuknommer. O.B.-kommandos wat hierdie nommers vir verspreidingsdoeleindes wil aanskaf, kan dit teen 7/6 per dosyn by bostaande adres bestel.*

W. VOIGT (Eiens.) Ppk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

£100,000 in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— Johannesburg: Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou. Bloemfontein: St. Andrewstraat 123. Port Elizabeth: Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

M. ..................................................

..................................................

(O.B., 8 Des. 1943). ..................................................

Ons sukses is u voorspoed

## OSSEWABRANDWAG, ARBEIDERDOM, SOSIALISME.

Die arbeider van S.A. hoort tuis in die Ossewabrandwag. Nie téén en nie sonder die arbeiderdom nie, maar slegs **met** en **deur** die arbeiderdom gaan die Ossewabrandwag ons volk bevry. Dit is die besef wat ten grondslag lê van die O.B. se stryd vandag; sonder hierdie besef sou die lotgevalle van sy volk vir hom 'n geslote boek bly, soos dit 'n geslote boek is vir al die partye en organisasies wat deur hierdie magtige nasionale en sosiale idee wat aan die O.B. sy unieke posisie in die land gee, nie gedra word nie.

Deur hierdie erkenning onderskei die Ossewabrandwag hom van die partye van ons volksvernietigende parlementêre stelsel, en deur die ideaal in die erkenning opgeslote, van die kommunistiese of anti-nasionale bewegings in Suid-Afrika.

Van die liberale parlementêre stelsel word korte mette gemaak. **Die dag breek aan dat die onderdrukte arbeidende Afrikaanse volksgemeenskap self opruk om hierdeur sy geskiedkundige sending te vervul.** Van die partywese het hy in die verlede net so min redding ontvang as wat hy in die toekoms sal verwag. Onderstandswerke, volkswelsynsdepartemente, beloftes van hervorming, ,,maatskaplike veiligheid'' en ander mooi woorde wat vir die ontnugterde arbeider lank reeds noodwendig alle inhoud moet verloor het — maar die harde werklikheid het gebly, omdat redding van die arbeiderdom vanselfsprekend nooit kan geskied deur ,,hervorming'' van die kapitalisme, aartsvyand van die arbeidende volk, terwyl die kapitalistiese struktuur bly voortbestaan nie.

Dit besef die arbeider vandag. Daarom staan hy op die vooraand van die vervulling van sy geskiedkundige sending. Sy stryd het begin en duur nog voort op die **ekonomiese** front. Dit gaan weldra oor en sal eindig op die **politieke** front. Dan gaan dit nie meer bloot om loonvasstelling of bepaling van werksure nie — hoe belangrik ook — maar gaan dit om die verowering en versekering van sy regmatige plek in die volksgemeenskap; dan neem hy die bepalende en beslissende posisie in die volkspolitiek in.

Die volksvreemde parlementarisme het geweier om die wilskrag van hierdie arbeiderdom te begryp. Daarom wankel hy reeds ook in Suid-Afrika voor die sosialisme van ons eeu, die bevrydingsleer vir die arbeider.

Die proses is onvermydelik. **Dit staan as aanklag teen die liberale kapitalistiese bedeling dat hy die volksvormende en volksbouende kragte van die sosialisme nie besef het nie, en die energie van die sosialisme dus in anti-nasionale kanale laat leegloop het.** Hy het die arbeider vervreem van sy volk.

**Aan die ander kant staan dit as aanklag teen die kommunisme of anti-nasionale sosialisme dat hy die sosialisme verneder het tot 'n leer van die loon en die maag, dat hy dit in botsing gebring het met die natuurlike volksgemeenskap en die nasionale bestaan.** In Suid-Afrika wil hy die blanke arbeider red deur hom gelyk te stel met die getalsmeerdere ongeskoolde of halfgeskoolde nie-blanke. Hy wil die kapitalisme vernietig — en in die plek daarvan stel 'n staatskapitalisme, waarin die arbeider die slaaf van die staat sal wees.

Hieruit volg dan die aard van die sosialisme wat die arbeiderdom gaan bewerkstellig in sy stryd op die politieke front. En hier gee die arbeiderdom en die Ossewabrandwag mekaar die hand. Want die arbeider weet dat hy sy heil vind nie in aanskakeling by vreemde, internasionale organisasies nie, maar in diepe verbondenheid met sy volk wat onder leiding van die O.B. ontwaak tot 'n nuwe besef van lotsgemeenskap en verantwoordelikheid. En die arbeider wil hierdie verantwoordelikheid op hom neem in die lotsgemeenskap van sy volk, want hy beklee daarmee sy volwaardige plek in die organisme van die volk. Vir hom, soos vir die Ossewabrandwag, is sosialisme die noodwendige verantwoordelikheid van alle volksgenote teenoor mekaar.

Dit is die enigste egte sosialisme, die bevrydingsleer vir die arbeider. Dit is die grootse idee waardeur die O.B. gedra word, want dit kry sy eintlike gestalte juis in 'n onvoorwaardelike wapenbroederskap met die opbloeiende, hernude nasionalisme. ,,Nasionaliste, word sosialiste — dan sal die sosialiste self nasionaliste wees!''

**Téén die imperialisties-kapitalistiese uitbuitery: vir die egte nasionalisme!**

**Téén die kommunisme: vir die ware sosialisme!**

Daarvoor bring die Ossewabrandwag vir die arbeider sy ARBEIDSLAER. Die O.B. is self 'n arbeidersbeweging, omdat hy die arbeid van die volk wil bevry van kapitalistiese slawerny en internasionale uitbuiting.

# DIE INTERNASIONALE TOESTAND: 'N OORSIG

## Voor die Vyfde Oorlogswinter

**Die verskriklikste en wêreldomvattendste oorlog wat die wêreldgeskiedenis nog ooit gelewer het, staan vandag aan die begin van sy vyfde oorlogswinter. Sedert daardie historiese 1 September 1939 het die wêreld baie skokkende gebeurtenisse beleef. Elke land en volk, hoe afgeleë en ,,neutraal'' hy ookal mag wees, het op mindere of meerdere mate aan eie lyf die oorlog of die reperkussies van die oorlog gevoel.**

DEUR PROF. J. A. WIID

Die uitstaande kenmerk van hierdie oorlog tot dusver is nog altyd die geweldige oorwinnings wat Duitsland en Japan vóór 1943 behaal het. Duitsland was baas in Wes- en Sentraal-Europa en sy troepe het voor Stalingrad gestaan. Die Britte is uit die Vasteland verdryf, 'n grootmoondheid soos Franryk het nie meer bestaan nie, Duitse duikbote het aan die Angel-Saksiese skeepvaart swaar verliese berokken, Brittanje self het in die winter van 1940-41 kennis gemaak met die verwoestende aanvalle van die Duitse lugmag, die deurvaart deur die Middellandse See was so te sê vir die Geallieerdes gesluit, die Spiltroepe het gevaarlik dig aan die Nylrivier gestaan, Japan het blitsvinnig die een na die ander steunpunt en ryk koloniale besitting van die Geallieerdes verower en harde houe aan die Angel-Saksiese seemag toegedien. Die oorlog het voorwaar nie gunstig vir die Geallieerdes verloop nie.

### 'N WENDING

Teen die end van 1942 egter het die oorlog 'n gunstiger wending vir die Geallieerdes geneem. By Stalingrad het die Duitsers 'n ernstige terugslag gely en dit het weldra geblyk dat die Rooi Leërs nie alleen ongebroke was nie, maar ten spyte van verskriklike verliese nog in staat was om 'n suksesvolle teen-offensief te voer. Hierdie teen-offensief is nog aan die gang en sedert Stalingrad het die Russe daarin geslaag om uitgestrekte Russiese gebiede terug te verower. In die weste het die Amerikaners en Britte in Frans-Noord-Afrika geland en daarin geslaag om die Spiltroepe uit Afrika te verdryf. Die landing in Suid-Italië en veral die Badoglio-kapitulasie was tot dusver die hoogtepunt van Brits-Amerikaanse suksesse in Europa. Intussen het die Duitse duikbote taamlik onbedrywig geword en vandag is dit nie Duitse vliegtuie wat Brittanje bestook nie maar Brits-Amerikaanse bommewerpers wat dood en verwoesting oor Duitsland uitsaai.

### IS DIE WENDING BESLISSEND?

In die propaganda van die Geallieerdes word aan die gunstige wending van die oorlog 'n beslissende betekenis toegeken. Dit is nou maar eenmaal 'n kenmerk van alle propaganda dat verdigting die voorrang bo waarheid geniet. Sonder om die suksesse van die Geallieerdes te onderskat, is dit nodig om daarop te wys dat hierdie suksesse nog geensins beslissend was nie. Die Engelse hawestad Dover is nog altyd die naaste voorpos aan die Duitse grens. Die groot Russiese suksesse het nog geen tweede Stalingrad gelewer nie en Moskou het, sedert sy groot someroffensief begin het, nog nooit op die gevangeneming van groot Duitse strydmagte aanspraak gemaak nie. Die toekoms sal moet leer of die Russe hulle geweldige aanvalle sal kan volhou na mate hulle verbindingslinies oor verwoeste terrein verleng word.

Dit is glad nie uitgeslote dat ook die Russe 'n Stalingrad sal ondervind nie. Na die laaste wêreldoorlog het die seëvierende Rooi leërs voor Warschau aan die hand van die Pole hulle Stalingrad ondervind. Op die oomblik het die Russe nog net eie grondgebied herower en moet daar nog hard geveg word voor die Russiese grense van 1940 of van September 1939 herstel kan word.

### GESUKKEL IN ITALIE

So indrukwekkend soos die Russiese offensief is, so teleurstellend is die Brits-Amerikaanse gesukkel in Suid-Italië. Die onderhandelings en ooreenkomste tussen die Geallieerdes aan die een kant met die Vichy-Franse (Darlan) en die Badoglio-Italiane aan die ander kant is 'n saak wat aan 'n toekomstige geskiedskrywer gelaat kan word. Dat die Geallieerdes maar swak gebruik gemaak het van die gunstige geleenthede wat Darlan en Badoglio hulle gebied het, ly geen twyfel nie. Die uitskakeling en gedeeltelike oorgawe van die Franse en Italiaanse oorlogsvlote het 'n absolute heerskappy oor die Middellandse See aan die Geallieerdes besorg. Hierdie geleentheid sowel as die verwarring wat daar vir die Duitsers in Suid-Europa deur die handelwyse van Darlan en Badoglio ontstaan het, het groter suksesse vir die Geallieerdes verdien. Toe Churchill van die sagte ,,under-belly'' van die Spil en ons eie Premier van die terughaal van ons krygsgevangenes in Italië gepraat het, het hierdie twee leiers geweet waarvan hulle praat. Daar het egter 'n kinkel in die kabel gekom: die Duitse reaksie was te doeltreffend. Vandag weet die Geallieerde soldate in Suid-Italië dat Italië nie net 'n toeriste-land is nie en dat die weg deur Italië na Berlyn 'n moeilike weg is, en veel langer is as die weg van Dover na Berlyn.

### GEALLIEERDE SORGE

Die jongste Britse terugslae op die eiland-voorposte wat die weg tot die Balkan en die Dardanelle versper, het tot nadenking in Londen en Washington gestem waar ingeligte kringe buitendien nog nie opgehou het om in die Duitse duikbote en die Duitse bommewerpers potensiële gevare te sien nie.

Maar dan het die Geallieerdes ook sorge van hulle eie. Daar is nare goggas soos onderlinge kritiek, naywer en agterdog; daar is in Geallieerde lande verskynsels soos hongersnood, inflasie van geldstelsels en industriële onrus (stakings) wat reeds alledaagse verskynsels geword het. Dan moet nog in aanmerking geneem word die vreeslike Japanse gevaar in die Verre Ooste wat in sy gunstige strategiese posisie in staat is om die totale mag van Amerika en Brittanje te trotseer.

### WAPENSTILSTAND?

Dit het in die jongste tyd gewoonte geword by die Geallieerde propaganda om hom besig te hou met na-oorlogse rekonstruksie en ander onsekere dinge van die onsekere toekoms. Dit kan egter aangeneem word dat daar vandag 'n taamlik algemene gevoel van oorlogsmoegheid onder diegene bestaan wat die laste van die oorlog dra maar nie in sy winste deel nie. Dit is glad nie uitgeslote dat vrede of wapenstilstand in die een of ander vorm eersdaags sy verskyning sal maak nie. Om hierdie rede sal dit lonend wees om die bedrywighede van ons eie Premier in Brittanje goed in die oog te hou.

120 Takke 49,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £144,000

**Hoofkantoor:**
**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**
**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

***TOT U DIENS!!***

Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.

**ONS BIED U MEUBELS**

vanaf u kombuis tot by u slaapkamer.

Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak.

**Stinkhout-meubels**
'n spesialiteit en aangebied teen fabriekspryse

**MEYER en FERREIRA**
**Laer Hoofweg 287**
**OBSERVATORY**

## Kompetisies vir Generaalskappe C4, C5, en C6

### Met die Oog op Insameling vir Noodhulpfonds

HOOFKOMMANDANTE MEV. H. C. VAN DER MERWE VAN PAUL-ROUX NOOI DIE DAMES VAN BOGENOEMDE GENERAALSKAPPE UIT OM DEEL TE NEEM AAN DIE VOLGENDE KOMPETISIES:—

| | | |
|---|---|---|
| 1. Beste tuisgemaakte knope (stel van 6). | Inskrywingsfooi 9d. | Prys 5/-. |
| 2. Beste tuisgemaakte tafelmatte. (6 kleintjies) (3 grotes). | ,, 9d. | ,, 5/-. |
| 3. Beste kledingstuk vir kinders onder 8 jaar van meelsak gemaak | ,, 9d. | ,, 5/-. |
| 4. Beste en nuttigste artikel van suikersak gemaak | ,, 9d. | ,, 5/-. |
| 5. Beste eetkamerstel blikspeelgoed vir kinders. | Inskrywingsfooi vir elke item 9d. | |
| 6. Beste sitkamerstel blikspeelgoed vir kinders. | Prys vir elke item 5/-. | |
| 7. Beste slaapkamerstel blikspeelgoed vir kinders | | |
| 8. Beste kindertrui gemaak van tuisgespinde wol. | Inskrywingsfooi 2/6 | ,, £1. |
| 9. Netste gelapte mansbroek. | ,, 9d. | ,, 5/-. |
| 10. Beste lappop tuisgemaak | ,, 9d. | ,, 5/-. |

Die dames van Generaalskap C4 moet hulle inskrywings maak by Ass.-H/Komdt. mev. N. Bredekamp, Bus 5, Bultfontein, en die artikels voor 15 Februarie 1944 by genoemde offisier besorg.

Die dames van Generaalskap C5 moet hulle inskrywings maak by Ass.-H/Komdt. mev. B. Gibson, Rietvlei, Marquard, en die artikels voor 15 Februarie 1944 by genoemde offisier besorg.

Die dames van generaalskap C6 moet hulle inskrywings maak by Ass.-H/Komdt. mev. F. E. C. du Toit, Forthampton, Fouriesburg-stasie, en hulle artikels ook voor 15 Februarie 1944 by genoemde offisier besorg.

Die artikels sal dan beoordeel word op 'n datum gereël deur elke Ass.-H/Komdt. voor die 27ste Februarie, waarop ons Vryheidsdag vier.

Die dames wat bereid is om hulle artikels af te staan, kan dit dan net laat weet, dan kan 'n verkoping daarvan gehou word op Vryheidsdag ten behoewe van die Ossewabrandwag se NOODHULPFONDS.

KOM DAMES, NEEM FLINK DEEL EN STEUN ALSO ONS GROOT SAAK.

## JEUGOFFISIERE TREK LAER

Op die 12e, 13e en 14e November het vier-en-sewentig offisiere van die Witwatersrandse afdelings van die Boerejeug laer getrek op 'n mooi plaas naby Benoni. Ondanks ongestadige weer was die laer, wat onder bevel van hoofkomdt. P. J. P. van den Berg, hoofjeugoffisier van Gebied E, gestaan het, 'n volslae sukses.

Hoofkomdt. Van den Berg het meegedeel dat die laertrek gerig was op die opknapping van die offisiere en die daaruitvloeiende intensifisering van die organisasie. Hy het gevolglik 'n baie strenge dissipline toegepas. Sy offisiere het die toets egter skitterend deurstaan en die gees van samehorigheid en broederskap wat in die laer geheers het was 'n inspirasie vir almal.

Vir voorligtingsdoeleindes is by wyse van lesings 'n vergelyk getref tussen die omstandighede waarin die jeug leef en verkeer in die ou kapitalistiese state en in die nuwe verjongde lande van Europa.

Kenners het vertel van toestande wat heers in die slums van die Britse Empire. Van hoedat 'n nuwe onderwyser, toe hy vir die eerste keer 'n klaskamer in 'n skool, geleë in 'n Londense slumbuurt, binnegegaan het, met sy hand voor sy neus genael het na die naaste venster. Van hoedat, figuurlik gesproke, mens met grawe die voddige onderklere moet afskoffel van die uitgeteerde liggaampies van die kindertjies wat hierdie skole besoek. Geen wonder dat die kinders honderdmaal liewer koerante verkoop op straat as om skool-toe te gaan nie.

In die verjongde state van Europa is die jeug vry, ongeboei deur die dwingelandse wreedheid van die kapitalisme. Daar het die kinders kos. Daar skyn die son op 'n frisse gedissiplineerde en kernkragtige jeug, wat speel en lag op die vaderlandsbodem, wat hulle geleer word om hartstogtelik te bemin. Daar leef die kinders soos 'n genadige Vader hulle bestem het om te leef.

Die sindelikheid en die ordelikheid in die laer en die lewensvreugde op die gesigte van die laertrekkers het by besoekers geen twyfel gelaat oor die verhewe ideaal wat die Boerejeug van die O.B. nastreef en in homself reeds bereik het nie. Selfs 'n blinde man kon sien dat die Boerejeug die uitloper is van 'n verjongde volk.

## BOEREJEUG-LAERTREKKING In Distrik Ceres.

Vanaf 26 Januarie tot 9 Februarie 1944 word 'n laer van Boerejeug-offisiere van Gebied A in die distrik van Ceres saamgetrek.

Afgesien van die gewone laerbedrywighede, word daar op die laer voorligting gegee aan die offisiere oor 'n wye reeks onderwerpe.

Die Jeugleier, prof. Dirk van Rooy, sal die laertrekking bywoon.

## *VERJAARDAGKETTING*

**9 Des.:** Freda v. d. Merwe, Carnarvon; Johannes Neethling, Stellenbosch; Freda Brand, Beaufort-Wes; Johannes L. D. Coetzee, Kirkwood; James Kleyhans, Kirkwood; Elsabe Prinsloo, Kakamas. **10 Des.:** Paul Abraham Jordaan, Middleton-stasie; Andries Visser, Noorder-Paarl; Elise van Rensburg, Parow; Huibrecht G. C. Baard, Moorreesburg. **11 Des.:** Christo Lombaard, Malmesbury; Anna S. Zwart, P.K. Aughrabies; Coenie Swanepoel, Wellington; Leonardo Potgieter, Kirkwood. **12 Des.:** Ela Wolfaardt, Noorder-Paarl; Freda v. d. Westhuizen, Pearston; B. D. P. Kruger, Maizefield; Cornelius Visagie, Pietersburg; Gert R. J. Strydom, P.P.Rust. **13 Des.:** Adriana Cilliers, Beaufort-Wes; Maria Hanekom, Paarl; Antoinette Keet, Somerset-Wes. **14 Des.:** Gertruida Botha,, Malmesbury; Ruth Fahrenfort, Parow; Jannie de Villiers, Noorder-Paarl; Elsa Wolfaard, Noorder-Paarl. **15 Des.:** Christoffel J. Botha, Commadagga-stasie; Wilhelmina Boshoff, Upington.

# *Afrikaanse Jeug Trek Saam om Vaandel van Volksbeweging*

## *Vind Besieling in Idee van O.B.*

Van die menigvuldige feite wat wys hoe noodwendig die Ossewabrandwag as organisasievorm van die Afrikaanse volksbeweging die oorwinning vir sy volk moet bring, is die volgende 'n verblydende voorbeeld: in die jaar wat ten einde spoed het die Afrikaanse jeug op merkwaardige wyse getoon dat dit die bevrydende idee van ons Beweging is waardeur hy sy idealisme kan handhaaf en waaruit hy sy inspirasie kan put.

Vandag kan die land aanskou om welke vaandel die jeug van ons volk met stygende geesdrif saamtrek!

**DIE BOEREJEUG** — „die eerste ware opstuiwende golf van die O.B.", het die Komdt.-Genl. hul genoem — het vanjaar sy vaste vorm gekry, en in sy geledere weerklink nog die gejuig waarmee hy sy Leier onlangs vir die eerste maal begroet ht. Vinnig pak hierdie jeugdige Brandwagafdeling reeds die verbeelding van jong Suid-Afrika, en te oordeel na die bedrywigheid wat oral heers, gryp die werkende en skoolgaande Afrikaanse seuns en dogters na die unieke ideaal wat die O.B. hul bied, en gaan die wekroep van die Boerejeug te midde van onbemoedigende politieke toestande 'n groot stoot aan die Beweging gee.

**DIE STUDENTEKOMMANDOS** van die O.B. word reeds algemeen erken (soos b.v. op 'n groot sentrum soos Stellenbosch) as die draers by uitnemendheid van die nuwe gees van waagdaad, ordelikheid en idealisme; in 'n tyd van nasionale verlamming soos die Afrikanerdom nog selde beleef het, is dit in studentekringe die Brandwagte wat nog steeds geesdrif en vasberadenheid toon.

**DIE STUDENTEBEWEGING,** nl. die Afrikaans-Nasionale Studentebond, kon in hierdie jaar finaal as oorwinnaar tree uit die wrede stryd wat die verdelende liberalisme teen hom aangeknoop het. Van alle Afrikanerkringe moes hy die stryd op ideologiese gebied eerste aanvaar. Konsekwent het hy die eenheids- en gesagsbeginsel gehandhaaf, en vandag staan hy as beweging wat die Afrikaanse studentedom saamsnoer en steeds oproep tot die stryd van die volksbeweging — soos in Oktober weer bewys deur die wyse waarop hy al die studenteliggame kon saamtrek vir die studente-kongres in verband met die onderwysstryd te Bloemfontein.

**Die Afrikaanse jeug voel die onstuitbare krag van die volksbeweging; hy weier om volksverdeeldheid oor te erf; hy skaar hom aan die kant van die altydjeugdige gees van die Ossewabrandwag!**

## MATIE-KOMMANDOS TREK LAER IN FRANSCHHOEK

Die studente-O.B.-kommandos van Stellenbosch het vanaf 18 November tot 2 deser 'n **arbeidsdienslaer** teen die hang van die Franschhoekberge getrek. Ongeveer 45—50 studente het die geleentheid te baat geneem om te dien —te dien nie tot eie voordeel nie, want hulle het geen persoonlike geldelike vergoeding vir hul arbeid ontvang nie, maar te dien vir hul volk deur te werk aan die terrein van die één groot volksmonument van die Suide, die **Hugenotemonument,** wat stadig voltooiing nader.

Die werk wat verrig moes word, was nie maklik nie; bome moes uitgehaal word, slote gegrawe word, 'n nuwe pad gemaak word en verder moes die terrein opgevul word tot bo die bestaande grondoppervlakte. Maar onder die inspirasie van die grootse diensideaal het die studente bevrediging en vreugde daarin gevind om daagliks hard te werk en met trots hul vordering waar te neem.

**Spinkursus**

Die dames het hulle hoofsaaklik toegelê op die aanleer en beoefening van die **spinkuns,** en hulle het spoedig groot vaardigheid daarin vertoon.

Wat alle besoekers veral getref het, was die besondere netheid van die kampterrein, die ordelikheid en dissipline wat deurgaans geheers het, die gees van eensgesindheid en intieme vriendskap en bo alles die vreugde en lus waarmee die arbeid verrig is.

TABBERDS!
GEBLOMDE KATOEN
Pragtige Modelle en Kleure
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE

Waarde vir geld




*VIR JUKSKEIE*
en Kombuisbenodighede
P. J. KOCK
Carolinestraat 146 — BRIXTON
Foon 35-3882 — JOHANNESBURG

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

„Al my sukesse skryf ek toe aan die eerstekias lesinge wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse
Ek stel belang in ____________
Naam ____________
Adres ____________
(O.B., 8 Des. 1943). ____________

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
VOORTREKKERGEBOU 319, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

DE KOCK se GARAGES
Foon 110 Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Foon 16 Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
*TOT U DIENS! . . .*
V.M.K. AANBEVEEL.

Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsadvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

**INTEKENGELD.** (Streng vooruitbetaalbaar).

**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.

**Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.:** 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.

**Adresveranderinge:** 1/- per adresverandering.

### GEBOORTE

**LE ROUX.** — Aan mnr. en mev. G. le Roux, Riebeek-Kasteel, 'n fris O.B.-dogter op 21 November. Beide wel. Dank aan dokter en verpleegster.

**NELL.** — Aan mev. en veldkt. A. Nell, Byronweg 16, Port-Elizabeth, 'n fris O.B.-dogter op 3 Nov. Albei wel.

### VERLOWING

**VERMAAK — VAN JAARSVELD:** Die verlowing word bekend gemaak van Nettie van Jaarsveld, dogter van mnr. en mev. W. P. du Preez van Noordhoek, Molteno, en Johan, van Groothoek, Cradock, seun van mnr. en mev. P. H. Vermaak, Despatch.

### IN MEMORIAM

**MULLER.** — 27 November 1942 is in ons geheue in swart afgedruk, want op daardie dag het die doodsengel van ons weggeskeur ons geliefde eggenote en moeder. 'n Jaar vol stille smart sonder haar het verbygedraal. Ons dink aan haar in liefde. P. D. Muller en kinders en enigste kleinkind. Esperance, Sutherland.

### GROETE

Aan die Kommando's van Carnarvon en Williston, van H/Komdt. M. Kuhn en Komdte. M. H. J. Kuhn met hulle vertrek na Nuwerus. Wees sterk, u het die oorwinning behaal.

### TE HUUR

'n Gulde geleentheid vir 'n Afrikaner om vooruit te gaan. 'n Kafee saam met 'n woonhuis te huur op Williston. Skrywe aan **M. Kuhn, Williston.**

### BETREKKING

BENODIG. — Blanke meisie vir huishouding. Genoeg bediendes. £3 per maand. Doen aansoek **mev. J. A. van Niekerk, Hillside, Rosendal.**

ONDERWYSERES vir twee kinders klas II en Std. II. Aanvang eerste kwartaal 1944. Goewermentsilabus. Moet O.B. goedgesind wees. Aansoek: **Danie Boshoff, Joubertsvlei, P.K. Mooirivier, Natal.**

### TE KOOP GEVRA

TIEN sakke Kaal hawer. Kwotasie aan: **Genl. E. B. Cadle, Twyfelfontein, P.K. Mooirivier, Natal.**

### TE KOOP

1940 TAFELMODEL ,,Philips"-radio (nog eg Hollands); 220 volt, 9 gloeilampe; so goed as nuut. Pragtige meubelstuk. Rede vir verkoop; Plaasbewoner met 6 volt. Eerste tjek van £38 (of naaste). V.o.s. Kraankuil. **J. van Vuuren, Petrusville.**

Raadpleeg Benadè vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadè. Saabankgebou, Bloemfontein.

STERK, gewortelde angelierplantjies: Regina — Ligpink; Rex — Helderpink; Pionier — Roospink; Salm Regina; Idaho Beauty — lig pers; 3/6 per dosyn, (nie minder dan ses van een soort); 15/- 100; £6 1,000. Lorraine — ligpink, met roospink stippels 21/- dosyn. Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid — wit met rooi strepies 5/- dosyn; 25/- 100; Duke of York — Salm met rooi strepies 25/- dosyn; Charmaine — baie ligte roomkleur met roos pink merkies 30/- dosyn. K.M.B. Posvry Unie. **Thos Dunn, Bus 51, Tzaneen.**

**DEEL in die Winste.** — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

**WANGANELLA RAMME.** — Opreggeteelde Wanganella Ramme verkrygbaar vanaf 1 April 1944, teen billike pryse. Groot karkasse en hoë kwaliteit wol die kenmerke. Bestel vroegtydig ten einde teleurstelling te voorkom. **F. S. Olivier, P.S. Oude Land, Dist. Graaff-Reinet.**

## GENL. LOUIS BOOTHA IN OOS-KAAPLAND

By wyse van 'n kernagtige behandeling van die stryd van die Ossewabrandwag as volksbeweging — 'n stryd vir die voortbestaan van die Boerevolk — het **genl. Louis Bootha**, Leier van Gebied E, op 23 November 'n publieke O.B.-vergadering in die Stadsaal, Cradock, toegespreek.

Genl. Bootha het veral daarop gewys in watter treurige toestand die volksvyande van vrees en jaloesie ons volk gebring het. In die plek daarvan moet ons as Afrikaners liefde, offervaardigheid en vertroue stel. Alleen as alle Afrikaners saam laer trek kan ons ons volk red.

Saam met genl. Bootha het ook **genl. Puren**, sekretaris van die Noodhulpfonds, opgetree. Hy het die betekenis van die groot werk aangedui wat deur die Noodhulpfonds gedoen word. Die Brandwag wat eenmaal sy broer se hand gevat het, laat dit nie weer los voordat ons oorwin het nie. Spreker het sy gehoor 'n kykie gegee in die karakter van die manne wat vandag in die Empire se tronke en kampe sit, en 'n paar voorbeelde genoem wat tipies van al hierdie gevalle is. Aan die heldemoed en vaderlandsliefde van die vroue en moeders van hierdie manne het hy hulde gebring.

Die sprekers is verwelkom deur die Leier van Gebied B, genl. J. H. Moolman, en bedank deur hfgenl. Ochse.—(Meegedeel.)

### TE KOOP

BESTE Kwaliteit bossie-tee; 80 pond 18/-, 45 pond 10/-, 20 pond 5/-, 10 pond 3/6. Vars aartappels 13/-, gelewer Bushalte Speelmanskraal. K.M.B. **Burger Jonck, Klipriviér, P.K. Speelmanskraal, George.**

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660 — JOHANNESBURG**

Kolossale voorraad van ons beroemde Vrugtebome, alle soorte, vroeg tot laat. Rose in bekoorlike Versamelings. Honderde bestellings reeds gereserveer, bespreek nou u benodighede vir Winterplantseisoen 1944, u voorkom daarmee teleurstelling, u kry u gekoosde soorte, super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid.

Sierstruike, Uitlandse bome, Bloekom, Denneboompies, Heiningplante en Palms vir Somerplanting.

Geïllustreerde Katalogus en Plantgidg gratis aan planters. (2)

**Schoemanello Drank . . .**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN.**

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

## OFFERVAARDIGHEID

Brandwag Jan van Tonder, van Malmesbury is 'n persoon wat as gevolg van 'n dinamiet-ongeluk sy arbeidersbekwaamheid verloor het. Onder die Werknemersskadeloosstellingswet kry hy nou 'n pensioen van vier pond en 'n paar sjielings 'n maand. Hiermee betaal hy sy £3 losies en van die orgie knyp hy elke maand 10/- af as vrywillige offer vir die Vryheidsofferfonds van die Ossewabrandwag.

## SNOEPERYE VIR GEÏNTERNEERDES

**Volgens 'n brief van die Direkteur van Interneringskampe, mag lekkernye vir geïnterneerdes aan mnr. J. L. Immelman, Weergevonden, Koffiefontein, gestuur word met uitsondering van ,,plumpudding" wat tuisgemaak is en lewende hawe. Briewe, beriggies, koerante, uitknipsels of drukwerk van enige aard wat in die verpakking voorkom of gebruik word, sal veroorsaak dat die besendings verbeurd verklaar word.**

## KIRKWOOD BEDRYWIG

Groot geesdrif is aan die dag gelê met die viering van O.B.-dag op Kirkwood. Die ywerige dames het vroegtydig begin woeker. Op 7 Aug. is 'n basaar gehou en die ingesamelde bedrag van £154 het die vorige jaar se opbrengs aansienlik oorskry. Die dag is afgesluit met 'n besielende toespraak deur hfkomdt. W. P. van der Merwe, stafoffisier van Gebied B.

Die rolprent-vertoning ,,Die Gedissiplineerde Afrikanerdom" het ook 'n vol saal getrek.

Heldedag is ook gevier op plegtige wyse. Die plaaslike leraar, ds. Coetzee, het die skriflesing en gebed gedoen, waarna ds. Leuvinnink van Port Elizabeth die woord gevoer het. By albei die funksies het die flukse dames verversings verkoop ter stywing van die Noodhulfonds.

## O.B.-BEGRAFNIS

Op 31 Oktober is uit die Gereformeerde Kerk, Mellville, begrawe wyle veldkornet J. P. van der Merwe van afdeling E3b1 (Westdene). Hy het op 22 Okt. met sy motorfiets 'n ongeluk gehad nadat hy van 'n lesing van die noodhulpliga gekom het. Die begrafnis het onder reëlings van die O.B. van Westdene plaasgevind. 'n Erewag van mans en dames, die mans in vaal broeke en wit hemde met swart dasse, en dames in wit, asook 'n erewag van die Boerejeug het die wag uitgemaak.

By die graf het die volgende O.B.-offisiere opgetree as draers: Hoofkomdt. J. C. Marais, Veldkornette C. Grobler, F. v. d. Westhuizen, A. S. du Plessis, J. H. du Plooy, F. Scott. By die ope graf het opgetree oud-Kommandant Claassens, wat namens genl. Puren die rede gevoer het. — (Meegedeel).

## HULP AAN SIEKE

Onderstaande brief is deur die kommando Port Elizabeth-Noord ontvang van 'n Brandwag wat 'n geruime tyd siek was en deur die Kommando geldelik en andersins gehelp is tydens sy siekte.

,,As lid van die O.B. wil ek namens my vrou en myself die Ossewabrandwag baie hartlik bedank vir die hulp en ondersteuning waarop ek as lid baie trots is.

Ek voel trots op die organisasie en verseker u van my troue dienste in alles. In die besonder wil ek my Veldkornet en Assistent-veldkornet baie hartlik bedank vir die hulp deur hulle verkry. Nou is ek eers trots op ons leuse My God, My Volk, My Land Suid-Afrika.

U Getroue Burger,
H. A. Bezuidenhout."

SÊ ASB. DAT U DIE ADVERTENSIE IN ,,DIE O.B." GESIEN HET.

**Belangrike Boeke**

**Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. 6/6 p.v
**Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. 8/6 p.v.
**Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam 6/6 p.v.
**Skandinawiese Vertellinge** .. 4/6 p.v.
**Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar 6/6 p.v.
**Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. .. 1/6 p.v.
**Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. 5/6 p.v.

Stuur u bestelling aan
**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**
**Die Laan — Stellenbosch**

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

**KAAPSTAD**

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

**Voorslag-Pynpoeiers** *Die Veilige Verbanner van ALLE PYNE*

*Hoofpyn, Sinkingspyn, Rumatiek, Vroulike Pyn, Tandpyn, Verkoues en Influensa*

**DIE VOORTREKKER-APTEEK**

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

AS U HANDELAAR U NIE DAARVAN KAN VOORSIEN NIE VRA HOM OM DIT VIR U TE BESTEL.